

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 101**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# **"VERLOS en nie VERLORE"**

## **Jy is myne!**

Ek was dikwels getuie van hoe God met 'n sondaar werk. Een onvergeetlike geleentheid was toe ek predikant aan 'n Randse dorp was. Een van ons ouderlinge vertel aan my op 'n Sondagaand by die kerk dat sy dogter in die hospitaal is. Ek gaan direk na kerk hospitaal toe. Dit was al laat en die saal halfdonker. Ek lees vir die vrou, Grieta, uit Jes. 43: "Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!"

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstrom nie; as jy deur die vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie . . ."

## **My kind!**

My gesprek het min of meer só verloop: "'n Gelowige mens het ook te kampe met water en vuur. Jy gaan soms deur diep waters. Daar is egter twee dinge wat 'n verskil maak tussen jou en die ongelowige mens. In die eerste plek behoort jy aan die Here. Hy sê: "Ek het jou by die naam geroep, jy is myne ..." Dink daaraan wat dit vir 'n kind beteken om uit die mond van sy vader of moeder te hoor: "My kind!"

## **Ek is by jou!**

Tweedens is die gelowige nooit alleen nie. Hy gaan deur dieptes van ernstige siekte en droefheid en rou en selfs vervolging, maar sy Vader is altyd by hom. "As jy deur die water gaan is Ek by jou," sê die Here. Die water en vuur maak benoud en seer. Dit doen egter geen skade nie. Die band met God word nie deurgesny nie, maar gesterk en gesuiwer. Agterna beteken dit ook vir jou soveel om te weet dat jy 'n gelouterde of beproefde geloof besit.

Daarna het ek vir Grieta en die ander siekes gebid en geloop.

## **"Ek is ook nou 'n christen"**

Grieta vertel later aan my die afloop van die verhaal. Toe ek weg is, sê die vrou in die bed langs haar: "Hierdie predikant het vanaand nie vir jou gekom nie, maar vir my. Nou begryp ek wat ek nog nooit verstaan het nie". Die volgende môre vra die vrou vir Grieta haar Bybel: "Ek wil weer die stukkie lees." Later sê sy o.a.: "Ek wonder wat my broer sal sê as hy weet dat ek ook nou 'n christen is." So het sy en Grieta daardie oggend gesels oor dinge wat die laaste jare vir haar niks beteken het nie.

## **Die tyd is kort**

En . . . dieselfde oggend is die vrou, wat ek self nooit eens geken het nie, onder narkose oorlede.

Die Here het my na haar toe gestuur sonder dat ek dit geweet het. Sy moes nog hoor hoe goed en genadig Hy is. Die tyd van genade was vir haar byna verby.

As ons dit tog maar altyd besef. Soek die Here terwyl Hy te vinde is en roep Hom aan terwyl Hy naby is.

En as ons wat weet tog maar besef wat ons het om aan die verlore gaandes aan te bied! Die geleentheid gaan verby.

**Thys Booyens.**

# DIE MENS

## Die mens as vraagstuk

**Die mens?** Die mens is in ons tyd as vraagstuk sterk op die voorgrond. Ons hoor van menseverhoudinge en menseregte. Daar word ook gepraat van die bevolkingsontploffing. Die mense vermeerder te vinnig. Binne afsienbare tyd is die aarde oorbevolk. Dan is daar die miljoene wat nou alreeds honger ly. Om nie te praat van al die liggaamlike en geestelike siektes waarmee die mens te kampe het nie.

## Is dit die moeite werd?

**Die mens?** Miljoene mense vra hulleself af: Is dit die moeite werd om 'n mens te wees? Alles is sinloos en niksseggend. Die mens is vasgekeer in 'n lugleegte. Vanwaar? Waarheen? Waarom? Dié vrae is deur die eeue heen beantwoord en weer bevraagteken. Dit bly tergend ontwykend. Wat is die waarheid wat die mens aanbetref? Wie sal ooit weet?

## 'n Uitgangspunt nodig

Voordat ek verder praat moet ek eers vir u sê vanuit watter standpunt ek met u praat. Elkeen van ons het ten minste 'n uitgangspunt wanneer hy hom oor die mens wil besin. Jy moet 'n basis hê van waaruit jy die mens kan bekyk.

## Die wetenskaplike basis

Die "wetenskaplike" basis van ons tyd is die ewolusieleer. Die vader van hierdie basis is Charles Darwin. In 1859 het sy boek "The Origin of Species" verskyn, waarin hy met die teorie na vore gekom het dat alle lewende wesens op aarde uit een of ander oer-iets ontwikkel het. In 1960 verklaar 'n vooraanstaande natuurwetenskaplike, J. S. Huxley, in 'n televisieuitsending: "Die eerste punt waarop gewys moet word i.v.m. Darwin se teorie is, dat dit nie langer 'n teorie is nie, maar 'n feit. Geen enkele ernstige geleerde sal die feit wil ontken dat ewolusie plaasgevind het nie, net so min as wat hy die feit sou wil ontken dat die aarde om die son draai."

## Ewolusie 'n saak van geloof

Hierteenoor sê Dr G. A. Kerkut, 'n professor aan die Universiteit van Southampton: "Daar is baie skemas waarvolgens die ontwikkeling van lewe kon plaasgevind het, maar dit is almal veronderstelde skemas en niks meer nie. Dit sê aan ons niks van wat sowat 1 000 miljoen jaar gelede kan gebeur het nie. **Dit is derhalwe 'n saak van geloof ....**" (G. A. Kerkut: Implications of Evolution" bl. 150). Ek moet net byvoeg dat Kerkut self geen Bybelgelowige is nie. Hy is egter eerlik genoeg om te sê dat sy basis nie 'n "feit" is nie, maar 'n saak van "geloof". Hy verklaar selfs dat die teorie 'n gerieflike basis is om van uit te gaan, maar dit is gewis nie bewys nie.

## Wat sê God?

En as die ewolusionis die vryheid het om 'n basis te kies, wat vir hom gerieflik is, waarom nie ek ook nie? Ek is selfs meer oortuig van die waarheid van my basis as wat die ewolusionis ooit kan wees. Ek het nie daarna gevra of gesoek nie, maar dit is aan my geopenbaar. God self het dit aan my gesê.

God het gesê waar die mens vandaan kom.

Hy het ook gesê waartoe die mens ontstaan het — wat sy doel en bestemming is.

God self het ook aan ons 'n verklaring gegee waarom dit so beroerd sleg gaan met die mens.

Hy het selfs aan die mens 'n weg gegee om uit die toestand van gesonkenheid op te staan. Eintlik het Hy nie alleen die weg gegee nie, maar steek Hyself sy hand uit en gryp die mens vas en plaas hom weer op 'n vaste grondslag.

### **Geloof in God my basis**

En nou moet u my nie kwalik neem dat ek die geloof in die waarheid van die Bybel neem as my uitgangspunt nie. Gee aan my die geleentheid om vir 'n paar oomblikke daarvoor met u te gesels. En dan vra ons onself af: Wat sê God van die mens? En toets dit dan gerus aan u eie ervaring *en* kyk of God nie die waarheid sê nie. Kom ons kyk eerlik en onbevange na die vraagstuk: **Die mens.**

# Die mens is geskape na die beeld van God

## Wie is aan die woord in die Bybel?

Ek is besig om met u te praat oor wat die Bybel van die mens sê. En dan moet ek vooraf verklaar dat God self in die Bybel aan die woord is. "Die hele Skrif is deur God ingegee ..." lees ons in die Bybel. (2 Tim. 3:16). Vanuit dié basis gesels ek met u.

## Laat ons mense maak

"En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." (Gen. 1:26, 27).

Hieruit is 'n paar dinge duidelik:

## Die mens stam nie af van 'n aap nie.

Die mens het nie "ontwikkel" uit 'n dier nie. Hy is duidelik en doelbewus deur God gemaak as "mens". Lees 'n mens die voorafgaande gedeelte uit Gen. 1 dan leer ons daaruit hoe die hemel en die aarde en die droë grond en die water — die plante en diere - alles volgens hulle "soorte" geskape is. Die mens is derhalwe 'n "soort op sy eie".

## Die mens het 'n persoonlikheid

Dit is selfs merkwaardig dat God nie die mensdom maak nie, maar twee persone: Man en vrou. God is deurgaans in besonder geïnteresseerd in die mens as "persoon". Hy maak die mens as persoon met 'n bepaalde persoonlikheid.

## Die beeld van God

Verder verklaar die Bybel dat die mens "na die beeld van God" geskape is. Dit onderskei hom in besonder van al die diere. Hy is anders as enige dier. Hy alleen is "beeldraer" van God.

Wat beteken dit dat die mens geskape is na die beeld van God?

Dit is belangrik om dit te weet. Dit bepaal die mens se verhouding tot God en tot die skepping. God self sê: "... en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde ..."

## Heersersgestalte

Dit is duidelik dat die beeld van God iets met die mens se "heersersgestalte" te doene het. Hy is hoof van die skepping. Om te kan heers moet die mens bepaalde eienskappe besit wat die diere nie het nie. Wat is dit?

## 'n Redelike wese

Om te heers moet die mens ten minste "verstand" hê. Hy moet 'n redelike wese wees. Dit is die een ding wat die mens van ons tyd bepaald die koning van die heelal maak. Hy bou die mees ingewikkelde instrumente en ruimtetuie en ontsnap selfs aan die swaartekrag van die aarde waaraan hy vir eeue gebonde was. Waarlik die mens is gemaak om te heers. Hy het ook daartoe die verstand ontvang.

### **'n Godsdienstige wese**

Die mens is egter ook so gemaak dat God met Hom in verbinding kan tree. God kan met hom "kommunikeer". Die mens is dus ook geskape as 'n "godsdiensstige wese." Hoewel die materialistiese mens dit sou wil ontken, bly selfs die mees afwykende mens nog steeds 'n aanbidder — al "aanbid" hy net sy basis waarin hy glo. Sonder geloof in Iemand of iets buite jouself is die bestaan van die mens sinloos en niksseggend.

### **'n Sedelike wese**

Die mens is egter ook geskape om met ander mense saam te lewe en met hulle om te gaan. Geen mens kan op homself alleen bestaan nie. Daarom sê die Bybel dat die mens ook geskape is om sy medemens lief te hê. Hy is 'n sedelike wese.

### **Die mens goed geskape**

"Geskepe na die beeld van God" beteken derhalwe dat die mens geskepe is as 'n redelike, sedelike en godsdiensstige wese. En dan sê God verder nadruklik dat die mens "goed" geskepe is. "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed." Ook die mens is baie goed geskepe met 'n goeie verstand en 'n hart wat God en sy medemens kan liefhê en van harte dien.

# Van koning tot slaaf

## Mensekennis uit die Bybel

Dit is insiggewend om die gedagtegang van die Bybel oor die mens te volg. Die Bybel weet heelwat van die mens. Selfs die ongelowige sielkundige en sosioloog sal moet toegee dat die Bybel meer as 'n "primitiewe" mensekennis besit. Ek wonder of baie geleerdes nie veel uit die Bybel oor die dinge kan leer, indien hulle maar ernstig aandag daaraan wil gee nie. Dit is egter nie my doel om wetenskaplikes te kritiseer nie. Ek wil graag maar net enkele gedagtes uit die Bybel aan u voorhou oor die mens. Vanselfsprekend gaan dit dan ook oor u en my, want ons is mense. Ons is daarby betrokke.

## Kultuuropdrag

God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. Hy het selfs aan die mens 'n "kultuuropdrag" gegee. "Kultuur" moet ons dan verstaan as al die wetenskap en kuns en tegniek wat die mens voortbring. Dit sê God in hierdie woorde: Onderwerp die aarde en heers oor al die lewende wesens. (Gen. 1 : 28). Later voeg Hy daarby dat die mens sy woonplek, die tuin van Eden, moet bewerk en bewaak.

Hier het ons die grondslag van die kultuurbedrywighede van die mensdom deur die eeue heen. Die Bybel vertel sommer gou van Tubal-Kain die smid wat koper- en ysterinstrumente gemaak het. Ene Jabal was die vader van die "tentbewoners" en sy broer Jubal het sifers en fluite vervaardig en blykbaar die belangstelling in musiek bevorder.

## Waak!

Die goeie mens, wat geskape is om koning van die skepping te wees, was daartoe goed toegerus. Hy het selfs die opdrag gehad om te waak oor sy tuiste — die aarde. Daar is 'n bedreiging teen hom en sy woonplek. Die gevaar was van die duiwel. Die Bybel teken hom as 'n gevalle engel wat God na die troon gestee het. Meer weet ons nie van die herkoms van hierdie geheimsinnige wese nie. Ons weet dat in hom 'n brandende begeerte woed om God in sy heerlijkheid en majesteit aan te tas. Daarom word die mens vooraf gewaarsku om te waak.

## Goed en kwaad

En dan gee die Here selfs aan die mens 'n sigbare teken om hom sterk te maak teen die sluwe aanslae van die duiwel. In die tuin van Eden is daar 'n bepaalde boom met 'n bepaalde naam: "Die boom van die kennis van goed en kwaad." Van al die vrugte in die tuin mog die mens en sy vrou vryelik eet. Net van die bepaalde boom mog hulle nie eet nie. "Die dag as julle daarvan eet, sal julle sekerlik sterwe."

## Leer om te onderskei

Dit lyk nou asof die Here vir die mens as 't ware 'n strik stel. Die boom staan daar as 'n soort struikelblok of versoeking waarteen die mens altyd maar moet waak. Die begeerlike vrugte lok en wink. Dit is só, maar só wou God hulle leer om te onderskei tussen goed en kwaad. Daarom het die boom die besondere naam. Hulle is goed geskape en sou gaandeweg leer dat die verskil tussen goed en kwaad, gehoorsaamheid teenoor ongehoorsaamheid beteken. Deur aan die Here gehoorsaam te bly sou hulle leer om die verkeerde van die goeie te onderskei en daarteen bestand te wees.

## Die verleier

Maar dan verskyn die duiwel in die gedaante van die slang in die Tuin van Eden. En Eva beswyk voor die verleiding. En haar man volg haar voorbeeld. En dan volg die dood. En die

dood in sy volle konsekwensies is vreeslik. Die Bybel weet van drie vorme van dood:

### **Sonde**

Die dood in misdade en sondes. (Ef. 2:1). Dit word ook die geestelike dood genoem. Toe Adam en Eva tot die daad van ongehoorsaamheid aan God oorgaan, tree hierdie dood in werking. Hulle verloor die vermoë om goed te doen. Die liefde en harmonie tussen hulle en God en tussen hulle as mense, is onmiddellik versteur. Hulle kruip weg vir God en die een beskuldig die ander.

### **Sterwe**

Daarop volg die liggaamlike dood. "Want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Sedertdien is dit ons almal se paadjie na die kerkhof.

### **Vir ewig verlore**

Eindelik volg dan die ewige dood. Dit noem Jesus die plek waar die vuur nie uitgeblus word en die wurm nie sterf nie. "En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie." (Openb. 14:11).

So praat die Bybel van die goeie mens en die gevalle mens. Die mens wat koning was en slaaf geword het. En hy skroom ook nie om God se toorn oor die sonde (ongehoorsaamheid) in sy vreeslike erns te teken nie. Ons kan soms 'n man maklik "warm plek" toe stuur. Ons weet egter nie wat ons doen nie. Met dié soort vuur speel 'n mens nie.

Gelukkig eindig die Bybelse verhaal van die mens nie hier nie.



# *Die dorstige en die lewende water*

## **Wees self jou proefkonyn**

Ons moet "die dood in misdade en sondes" van naderby bekyk. Ons doen dit maar aan die hand van die mense met wie ons elke dag te doene het. Die allerbeste sal wees om jou self as voorbeeld te neem. Toets jouself proefondervindelik aan wat ons verder behandel.

## **Die groot dors**

Die Bybel teken die mens se toestand dikwels met die beeld dat hy 'n "dorstige wese" is. Dit wil te kenne gee dat daar in sy wese 'n hunkering is na bevrediging. Dit is soos iemand wat dors het en smag na water. Elke mens ken die smagting. Dit kan 'n verlange wees na geluk. Dit word dan geprojekteer op iets of iemand. 'n Mens probeer geluk vind byvoorbeeld in plesier of sport of geld en besittings of in kennis en geleerdheid. So kan ons die voorbeelde vermenigvuldig.

## **Die rus is elders**

Die merkwaardige verskynsel is egter dat 'n mens nooit die stadium bereik waar jy absoluut bevredig is nie. Die geluk is van korte duur. Spoedig kom die hunkering maar weer. Jy vind uit dat jou bereikte ideaal jou nie bevredig nie. In elke ding wat jy najaag om die hunkering te verdryf, is nie waarlik bevrediging nie. Jy is soos iemand wat aan drank of dwelmmiddels verslaaf is. Jy is altyd dors en hoe meer jy drink, hoe groter is die dors en hoe dieper sink jy weg in die draaikolk. Dit word uiteindelik 'n bodemlose put van wanhoop. Die ontwortelde mens van ons tyd ken die leë kreet van die nihilis. Vir hom is alles op aarde sinloos en niksseggend.

## **Gemaak om God te dien**

Hier het ons die bewys dat die mens geskape is na die beeld van God. Hy is gemaak om God te dien. Sedert die sonde in die wêreld gekom het, kan die mens God nie meer dien nie. Die band met God is deurgesny. Hy soek en hunker en smag, maar vind nie. Die leemte in ons diepste innerlike moet gevul word. Niks op aarde kan dit vul nie. Dit moet deur God self gevul word. Dan eers is ons dors geles. Dan leef ons volgens ons bestemming. Dan is ons waarvoor ons gemaak is.

## **God het die wêreld lief**

En ons moenie dink dat God Hom daarin verlekker dat die mens soek en smag nie. Hy het onmiddellik na die sondeval sy belofte van herstel gegee. Selfs daar aan die oer-begin was mense wat Hom geken en gedien het. Of, soos die Bybel sê, hulle het geglo. En uiteindelik staan daar: "Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

God het die wêreld lief. Hy het die mensdom lief. Hy het u en my lief. Dit is sy wêreld. Ons is skepele wat Hy gemaak het. Hy kan dit nie aansien dat ons deur die dors verteer word nie. En in sy ewige erbarming stuur Hy sy eniggebore Seun, Jesus Christus, om ons uit die bodemlose put uit te ruk.

## **Die fontein van die lewende water**

Jesus self sê: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" Aan 'n Samaritaanse vrou wat in sonde volhard het en wat al met vyf mans saamgeleef het, sê Hy by die put van Jakob: "As jy die gawe van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

Gelukkig het hierdie vrou later water gevra en ook ontvang.

### **My hart is onrustig in my**

In die ou christelike kerk was daar 'n bekende figuur, Augustinus. Hy het die filosofie en die permissiwiteit nagejaag om sy innerlike dors te les. Sy moeder Monica kon nie ophou om vir hierdie seun van haar te bid nie. Uiteindelik het die Here hom vasgekeer en hy het in God sy Vader gevind. Toe bely hy min of meer die volgende: "My hart was onrustig in my, totdat hy sy rus in U gevind het."

God ken u. Hy ken u dors. Hy verskaf ook die fontein waar u dors weggeneem word. Kom dan en drink! Jesus Christus sê vandag nog: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink."

#### **U VRA:**

Waarop sal die lyde alles uitloop?

#### **God sê:**

Ná hierdie dinge het ek gesien — kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!

(Openb. 7:9-10).

#### **U SÊ:**

Ek het moed verloor.

#### **DIE ANTWOORD:**

Daarom gee ons die moed nie op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

( 2 Kor. 4:16-18).

# *"Sonder prys en sonder geld"*

## **Verlos uit genade**

Die Bybel praat van die verlossing van die mens uit genade. Dit beteken dat die band met God herstel is, sonder dat ons daar iets aan kan doen of gedoen het. God gee dit verniet aan ons omdat sy eniggebore Seun, Jesus Christus, vir ons met sy bloed betaal het. Daarom is daar redding vir 'n moordenaar en 'n rower en 'n ontugtige en watter kwaaddoener ook al.

## **Vernederend**

Dit klink so maklik: Kom en ontvang verniet — „sonder prys en sonder geld”. (Jes. 55). En tog is dit nie so maklik nie. Geen mens kom sonder stryd daartoe om te erken: "Ek het niks en ek kan niks doen nie. Ek kan vir God niks aanbied wat sy toorn teen my kan afwend nie." Dit is so vernederend en so 'n minderwaardige ervaring vir 'n groot of slim of geleerde of ryk mens. Ons is gewoon daaraan om te verdien en te betaal. Ons is tog geen bedelaars nie.

## **"Eie ek" moet sterwe**

En tog sê Jesus Christus: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." En dit beteken niks minder as dat 'n mens jouself moet verloor nie. Die Bybel praat selfs van 'n afsterwing van die ou mens. En die ou mens is maar die "ek" in ons. En is my "ek" — my naam en eer — nie vir my baie kosbaar nie. Dit is die kosbaarste wat ek het.

## **"Ek" staan in God se pad**

Maar juis daarom eis God dit op. Die "ek" staan tussen Hom en ons. "Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind." So nou is die poort! Jy moet sterf in jouself om die ware lewe te vind.

## **"Ek" staan in my eie pad**

Aan die ander kant is dit tog nie so moeilik nie. Dit beteken eintlik maar net 'n tree na Christus toe. Soms is dit bloot 'n sug na die hemel: "Here, verlos my van myself!" En dan is jy daar. Ons is nog maar altyd bereid om na die duiwel te luister. Hy het ons ingefluister dat ons self — ons "ek" — 'n soort god is. Jy is onaantasbaar en beskikker van jou lewe en lot. Jy het reg en aanspraak daarop om self uit te maak wat vir jou goed en reg is. En maak jy dan 'n gemors van jou lewe, is dit jou eie saak. Dit traak niemand nie.

## **Daar is niemand wat God soek nie**

Dit is eintlik maar die groot stryd van God met ons. Ons wil nie verlos wees nie — veral nie verniet nie. En laat ons dit maar rondborstig erken, niemand van ons sou God uit ons. eie soek nie. Die Bybel ken ons só goed dat hy dit selfs sê: "Daar is niemand wat verstandig is nie; daar is niemand wat God soek nie." (Rom. 3).

## **God is ons altyd voor**

Die christelike godsdiens is die godsdiens van die inisiatief van God. Hy is ons altyd voor. Hy soek ons. Hy openbaar Homself in sy Woord aan ons, omdat Hy ons soek. Hy het ons eerste liefgehad. Hy het sy Seun, die Verlosser, na die wêreld gestuur. En vandag nog is Hy besig om te soek. Hy soek mense wat vir Hom wegvlug, omdat hulle hulself nie kan prysgee nie.

## **Verneder jy God?**

As 'n mens dink hoe God soek en pleit en Hom verneder — ja, Hy het Hom verneder tot aan

die skandpaal van die kruis — dan skaam jy jou dat jy in jou eie oë só belangrik is. 'n Mens kyk soms die predikant of die Christen, met die Bybel in die hand, uit die hoogte aan met 'n spotlag op die lippe. Dit is lekker om hom te verneder en sy verleentheid te sien, wanneer jy vir die arme drommel te slim is.

### **God soek jou**

En jy vergeet dat die mens 'n gestuurde is. Hy is 'n gesant van die hoë God. In Hom soek God — dink daaraan — na jou. En Hy soek jou nie om jou lewe te verwoes nie, maar om dit te red. Word net een keer klein voor Hom en jy sien jouself met ander oë. Jy skrik en stamel: "o God, wees my sondaar genadig!"

### **Die nuwe mens**

Die genadige verlossing van 'n mens noem die Bybel wedergeboorte. Dit beteken eintlik maar dat ons herskape word na die beeld van God. So is ons "ek" in werklikheid nie verlore nie, maar gered. Hy is 'n nuwe mens. Hy het die ware lewe, die ware vreugde en leef vir die Here. Daarmee sê hy: "Dankie Here!"

#### **U VRA:**

Waarom moet Gods kind so swaar ly?

#### **DIE ANTWOORD:**

Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

( Rom. 8:16, 17).

#### **U SÊ:**

Die aanvegtinge op die siekbed kan ek nie weerstaan nie.

#### **GOD ANTWOORD:**

Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. ( Ef. 6:10, 11).

# VRAE EN ANTWOORDE

## **U VRA:**

Waar sal my hulp vandaan kom?

## **DIE ANTWOORD:**

My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou bewaarder kan nie sluimer nie. ( Psalm 121 : 2, 3).

## **U VRA:**

Wat buig jy jou neer, o my siel?

## **DIE ANTWOORD:**

Hoop op God; want ek sal Hom nog loof — die verlossing van sy aangesig!  
(Psalm 42 : 6).

## **U VRA:**

Tot hoe lank?

## **DIE ANTWOORD:**

Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders.  
En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja die werk van ons hande, bevestig dit! ( Psalm 90: 16, 17).

## **U VRA:**

Here waar is u vorige goedertierenheid?

( Psalm 89:50).

## **DIE ANTWOORD:**

Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!  
( Psalm 118:29).

## **U VRA.**

Wat kan 'n mens my doen?

( Psalm 118:6).

## **DIE ANTWOORD:**

Dit is beter om by die HERE te skuil as om op mense te vertrou.  
Dit is beter om by die HERE te skuil as om op edeles te vertrou.  
Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die HERE vertel.  
( Psalm 118 : 8, 9, 17).

**U VRA:**

Hoe kan ek die weg ken?

**DIE ANTWOORD:**

Jesus sê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

( Joh. 14:5, 6).

**U VRA:**

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê?

( Rom. 8:31).

**DIE ANTWOORD:**

In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

( Rom. 8:37).

**U VRA:**

Is die lyding van die huidige tyd nie te swaar nie?

**DIE ANTWOORD:**

Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

( Rom. 8:18.)